The Cradle of Hope
(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO Registration Number 062-511-NPO
P.O. Box 2648
NOORDHEUWEL
1756
Tel : 082-459-5747 Melodie
Fax : 086-528-9914
Office : No. 3 Judy Place
23 Clew Road, MONUMENT
Krugersdorp
E-mail : admin@thecradleofhope.org
Website : www.thecradleofhope.org
"THE NEW BEGINNING"

NUUSBRIEF NO. 1

(For the English version of this Newsletter, please click here)

31 Oktober 2008

Liewe vriende

Hierdie e-pos mag dalk baie lank voorkom, maar is uiters belangrik. Dis nou 6 maande later nadat my eerste e-pos verskyn het aangaande die Kroningspark / Coronation Karavaan park in Krugersdorp, en daar het **net so baie gebeur**.

Ek het ingeskakel by **The Cradle of Hope**, 'n Artikel 21 Maatskappy, en geregistreerde NPO, met belasting vrystelling interme van Artikels 10, 18 en 30 van die Inkomstebelastingwet, en ek werk saam met hulle aangesien ons dieselfde visie deel. Besoek gerus ons webtuiste http://www.thecradleofhope.org/

Ek en Melodie het ongeveer twee weke na my eerste e-pos gestuur is ontmoet en werk sedertdien saam by die park, asook by ander soortgelyke skuilings en werksplase. Ons raak daagliks net meer en meer bewus van die toestande waaraan veral die kinders blootgestel word. Hierdie kinders het ongelukkig nie 'n keuse nie, en is vasgevang in omstandighede waaruit hulle nie kan ontsnap nie.

Hierdie ses maande was ongelooflik moeilik en besig in baie opsigte. Ek sê weer, in my wildste drome het ek nie die wonderlike, onbaatsugtige en liefdevolle reaksie van ons land se mense verwag nie. Nie alleen het **ons mense in Suid-Afrika** reageer nie, maak ook mense in die buiteland, asook mense wat nog nooit in Suid-Afrika was nie. Ons was hoegenaamd nie voorbereid op die reaksie nie.

Aanvaar asseblief my nederige omverskoning indien u telefoon oproep, sms, of e-pos nie beantwoord is nie. Daar was net dae (baie van hulle) dat ek bloot net nie alles kon hanteer nie. Met die geweldige reaksie het ons vir weke lank 7 dae per week gewerk, en met min slaap oor die weg gekom..

Die projek het ons in staat gestel om vir baie mense wat op die grond geslaap het beddens te gee, beter en selfs nuwe tente het die erg gehawendes vervang. Ons het zozo-houthuisies as skenkings ontvang en eerste die bejaardes en daarna mammas met babas daarheen oorgeplaas. Hier moet ek net baie dankie se vir Juanita du Plessis, Kurt Darren, Bobby van Jaarsveldt, Sheri en Theuns

Directors : • Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel • H. Albertyn • M.C. van Greunen

Jordaan wat 8 houthuisies geskenk het, en Bobby van Jaarsveldt en Jaco Barnard het daarna nog 3 geskenk. Agt karavane is ook geskenk wat beter behuising verskaf het aan gesinne met meer as een kind. Pastoor Jakes Joubert het die kerk geplant in ‘n rooi en wit tent reg by die ingang van die park. Nog ‘n houthuisie is geskenk wat dien as noodhulp kamer vir ongevalle en basiese medikasie word daar uitgedeel. Die Rotariers het ook ‘n houthuisie geskenk wat as biblioteek sal dien. Baie klere, komberse en kos is ook geskenk. Ons Hemelse Vader was net so getrou. Ons het ook ‘n groot zozo-houthuisie ontvang wat as speelkamer in die oggende en naskoolsentrum in die middae sal dien.

Met my eerste besoek aan die kamp in Maart het ek al gesien hoe kry ons ‘n pophuis vir die kinders, en nou het ons hom. Die kinders het ook begin met Judo klasse en kan nie wag vir die volgende sessie nie.

Die projek het ons ook in staat gestel om baie ander skuilings en sopkombuise ook van kos en klere te voorsien. ‘n Besoek aan Solidariteit se Helpende Hand asook De Kat met hulle projek vir armoede het ons net meer en meer bewus geraak van hoe groot die probleem werklik is. Al hierdie kampe en skuilings het baie kinders wat gebuk gaan onder die armoede probleem…… .sommige van hulle gaan net nooit ooit daaruit kom nie.

Tussen al die bedrywighede deur het ons net meer en meer begin besef dat ons nou sal moet begin omsien na die opvoedkundige, sielkundige en mediese hulp wat hierdie kinders benodig. Daar is **geen** mediese fondse in plek nie, en die staats hospitale!!!!!! Wel, ek glo nie ek hoef hierop uit te brei nie. Dit alles het ons gebring by die gedagte van ‘n gebreekte sirkel!!!!! Ons gaan hierdie gesinssirkel nie heelmaak tensy ons die kinders heelmaak nie. Daarom gaan ons voortaan alle energie en hulp aan die kinders wy. Ons gaan ook spesiale aandag aan die senior burgers gee, wat sekerlik nooit beplan het om in ‘n kamp of skuiling af te tree nie. Dit met kinders wat net soms of selfs nooit kom kuier nie.

Ons het ongelooflike mense ontmoet!!!! Donateurs wat nou vriende geword het. Ons lewens is verryk met al die onbaatsugtige hulp wat ons ontvang het.

Menige hulp is al by die Kroningspark karavaan park aangebied. Donateurs, skenkers en hulpverleners is menige keer ontnugter. Baie het na ‘n kort rukkie onttrek. Dis maklik en eintlik heel eenvoudig. Ek wou dit al menige keer doen. Die uiteinde sal egter wees dat ons die kinders los om in hierdie moeras en donker wolk groot te word en geen, maar geen belegging is in hulle lewens gemaak nie. **Ons kan en mag nie wegstap nie!!!** Hierdie kinders is ‘n geskenk van God en reik desperaat uit na enige hulp wat ons hulle kan bied. Hulle stel min belang in die materiele sy van sake. Hulle hunker na iemand wat rerig omgee, liefde, drukkies en selfs dissipline. 90% van hierdie kinders is in spesiale skole, en in spesiale klasse. Daar was tot op datum baie min, indien enige, voorskoolse onderrig. Dus worstel elke kind deur graad 1 en word dit net al hoe moeiliker. Spoedig word hierdie kinders verwys na spesiale / hulp klasse, en later na spesiale skole. Kinders wat eintlik baie potensiaal het. Elke kind is baie baie spesiaal met onontdekte talente. Hierdie kinders het al baie seer en swaarkry beleef. Op 15 jaar slegs 2 keer in ‘n fliek!!!!! Vakansies in die tentdorp of skuiling met geen spesiale aandag!!!!!

Al hierdie drome is baie opwindend maar ongelukkig benodig ons fondse om al hierdie hulp aan die kinders en bejaarde mense te kan bied. Skenkings word al hoe minder en ons het nie verwag dat dit vir altyd sou aanhou nie. **Ek wil weer beklemtoon dat ons hulp aan alle ander kinders wat in soortgelyke omstandighede woon ook sal gee.** Na aanleiding van verskeie versoeke

vanaf ons donateurs, het ons dit goed gedink om ‘n debietorder fasiliteit in werking te stel.

Indien u gelei voel om by ons projek betrokke te raak, veral by die opheffing van veral die kinders (asook enkel-mammas met kinders), en by die verskaffing van opleiding en mediese sorg aan die kinders, sal ons dit verskriklik waardeer indien u vir ons projek **“Assist A Child”** ‘n maandelikse debietorder sal onderteken.

Indien u ‘n Debietorder magtigingsvorm benodig kan u die blou skrif selekteer **of andersins kan u dit ook van ons webbladsy** http://www.thecradleofhope.org **aflaai onder die “Documents” opskrif.**

Geen bedrag is te klein nie, en alle skenkings word opreg waardeer.

Donasie sertifikate sal aan die einde van die finansiele jaar aan al ons donateurs gestuur word. Die sertifikaat kan saam met u belasting opgawe ingedien word, en SARS sal dan ‘n bedrag aan u terugbetaal.

Indien u nie ‘n debietorder wil onderteken nie, maar wel tot die **“Assist A Child”** projek op ‘n adhoc basis wil bydra, kan u ‘n deposito in die volgende bank rekening maak.

THE CRADLE OF HOPE no2

Eerste Nasionale Bank
Keywest Tak: 256955
Rekeningnommer : 6219 699 4498

Indien u nie meer e-posse vanaf ons wil ontvang nie, stuur asseblief ook net ‘n e-pos aan admin@thecradleofhope.org en ons sal u besonderhede vanaf ons databasis verwyder. Ons sal ook voortaan een maal per maand ‘n nuusbrief uitstuur om u op hoogte te hou van al ons aktiwiteite en die vordering van ons projekte.

Baie baie baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning en julle bereidwilligheid om te help en betrokke te raak.

Liefde-groete

PETRA SWIEGERS

My nuwe kontakinligting is:

E-POS : petra@thecradleofhope.org
FAKS: 086-528-9919
SEL: 083 267 7707